# DIE GEMEENTE VAN SARDIS

Sardis was bekend as die “oninneembare” stad. Dit was geleë so te sê op die top van ‘n berg wat net deur een pad bereik kon word. Die stad was dus moeilik bereikbaar want die enkele pad was ook so bewaak dat niemand daardeur kon kom nie. Die res van die berg was so ontoeganklik, dat niemand die stad dus sommer kon inneem nie. Tog was daar in die geskiedenis vyandige magte wat die stad ingeneem het, juis omdat die inwoners nie gewaak het nie.

Geestelik het die gemeente van Sardis ook nie gewaak nie. Hulle het nie teenstand ondervind met Nikolaïete of met ‘n Isebel-tipe vrou nie en dit was eintlik nie ‘n goeie ding nie. Omdat hulle nie vir hulle geloof moes stry nie, het die gemeente van Sardis ‘n tipe geword van die “sterwende kerk”. Daar was egter ‘n oorblyfsel (Open. 3:4), maar oor die algemeen was die gemeente van Sardis aan die slaap, ryk, selfvoorsienend en sonder vrug (soos die vyeboom sonder vye).

Sardis was 'n stad van Klein-Asië wat die hoofstad van Lidië was, geleë sowat twee myl suid van die rivier Hermus, net onder die bergreeks van Tmolus, op 'n uitloper waarop sy akropolis gebou is. Dit was 60 myl noordoos van Smirna. Dit was die historiese woonplek van die konings van Lidië, onder wie Croesus, wat bekend was vir sy ontsaglike rykdom. Daar word gesê dat Kores $600 000 000 se skatte uit die stad geneem het toe hy dit ingeneem het in 548 v.C.

Sardis was in die baie vroeë tye bekend vir die uiters vrugbare aard van die streek en vanweë sy gerieflike posisie was sy kommersiële mark ook van groot belang. Daar word gesê dat die kuns om wol te kleur, daar uitgevind is. In die jaar 214 v.C. is dit ingeneem en geplunder deur die leër van Antiochus die Grote. Daarna het dit onder die heerskappy van die konings van Pergamus geval.

Sardis se produktiewe grond was altyd 'n bron van rykdom, maar die belangrikheid daarvan as 'n sentrale mark het blykbaar afgeneem vanaf die tyd dat Alexander Asië ingeval het.

Die massiewe tempel van Cybele getuig steeds met sy fragmentariese oorblyfsels van die stad se rykdom en die argitektoniese vaardigheid van die mense wat dit tot stand gebring het. Aan die noordekant van die akropolis, wat oor die vallei van die Hermus uitkyk, is 'n teater van omtrent 400 voet in deursnee, wat konnekteer aan 'n stadion met die kapasiteit van ongeveer 1 000 mense. Daar is nog aansienlike oorblyfsels van die antieke stad by Sert-Kalessi (tans Sart in Turkye). Reisigers beskryf die voorkoms van die plek as dié van algehele afsondering. Die enigste gedeelte waarin dit in die Bybel genoem word, is in Openbaring 3:1 - 6.

> Open. 3:1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van Elohiem en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.
> Open. 3:2 Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor Elohiem gevind nie.
> Open. 3:3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.
> Open. 3:4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

Open. 3:5  Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
Open. 3:6  Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Soos reeds genoem was Sardis in die tyd van die O.T die vroeëre stad van Croesus, die laaste koning van Lydië, wat so fabelagtig ryk was. Nou sê JaHUsha dat die gemeente lewendig-dood is; dit pas nie by die betekenis van die naam "Sardis" wat "**prins van vreugde**" beteken nie. In die tyd van keiser Tiberius is Sardis onverwags deur 'n aardbewing verwoes, daarom die waarskuwing van JaHUsha dat hy net so onverwags weer sal kom. Die enkelinge wat egter hulle lewenswandel rein gehou het, hulle sal die rein, wit priesterklere wat gepaard gaan met die eerste opstanding, ontvang.

Die gemeente van Sardis was dus lewendig-dood ... daar was heelwat lidmate wat op die punt was om geestelik dood te gaan. Hulle het onder die indruk verkeer dat hulle werklik 'n lewende gemeente was. Weereens herhaal JaHUsha Sy waarskuwing dat sy wederkoms onverwags sal wees. Hierdie uitspraak roep eggo's op van Lukas 12:35 dat die slawe wakker moet wees as hulle heer terugkom, en as hy hulle wakker vind, sal hy homself omgord en hulle bedien. Presies soos JaHUsha ook gedoen het by die instelling van die Nuwe Verbondsmaal, waar Hy Homself omgord het en die werk van die nederigste van die slawe gedoen het deur Sy dissipels se voete te was.

Luk. 12:35  Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand.
Luk. 12:36  En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.
Luk. 12:37  Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien.
Luk. 12:38  En as hy in die tweede of in die derde nagwaak kom en dit so vind, gelukkig is daardie diensknegte.
Luk. 12:39  Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie.
Luk. 12:40  Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.

JaHUsha vergelyk dit ook in die evangelies met die dae van Noag toe niemand ag gegee het op die waarskuwings nie totdat die vloed gekom het en almal laat verdrink het. Die wederkoms word ook soms met 'n strik vergelyk wat soos 'n wip gestel word en 'n dier onverhoeds vang.

Matt. 24:36  Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.
Matt. 24:37  En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
Matt. 24:38  Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,
Matt. 24:39  en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
Matt. 24:40  Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.
Matt. 24:41  Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.
Matt. 24:42  Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Meester kom nie.

Matt. 24:43  Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.
Matt. 24:44  Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.
Matt. 24:45  Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?
Matt. 24:46  Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.
Matt. 24:47  Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.
Matt. 24:48  Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom—
Matt.24:49  en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink,
Matt.24:50  dan sal die heer van dié dienskneg kom op ‘n dag dat hy dit nie verwag nie en op ‘n uur dat hy dit nie weet nie;
Matt. 24:51  en sal hom pynig en hom ‘n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Tog was daar enkele lidmate wie se werke goed was en wat hulle nie aan owerspel oorgegee het nie;  hulle klere was “skoon”, wat dui op die regverdige dade van die Afgesonderdes.

Die egtheid van iemand se geloof word bewys uit sy lewe (Matt. 7:21).  Of anders gestel ...  Die saligheid van die uitverkorenes is uit genade, maar hulle loon volg op hulle werke.   Mens wonder of die res van die gemeente JaHUsha se waarskuwings ernstig opgeneem het of nie, want baie eeue later was daar nog steeds ’n gemeente in die stad wat ook as gevolg van die gelowige “oorblyfsel” kon gewees het.

**SLOT**

Omdat ons nie lees dat Sardis se gemeente ‘n stryd gehad het met valse profete en heidense godsdienste nie, beteken dit nie dat hulle nie ‘n stryd gehad het nie.  Hulle het ‘n ander probleem gehad ... hulle het omdat hulle te veel op hulle gemak was en nie moes stry vir hulle geloof nie, sommer net geestelik verflou en soort van geestelik afgesterf.  Hulle het gedink dat hulle lewe, maar hulle was eintlik dood.  En net soos wat die onineembare stad van Sardis in die geskiedenis onverhoeds betrap is omdat hulle nie gewaak het nie, so is die gemeente wat hulle geloofslewe betref ook agterlosig.  Hulle het nie daaroor gewaak nie en wanneer JaHUsha weer sou kom soos ‘n dief, onverwags, sou hulle nie gereed gewees het nie.

Die boodskap aan Sardis is ‘n vermaning vir elke gelowige om met jaloesie oor mens se geloof in JaHUsha te waak, om daarna uit te sien om ook die wit klere van geregtigheid te kan ontvang en saam met JaHUsha te kan wandel.  Ons moet waak ter wille van mens se naam in die boek van die lewe.

Mag ons gedurig van JaHUsha bewus wees en altyd gereed wees vir Sy koms ...

Sien ook:

- THE ASSEMBLY OF SARDIS

- SARDIS - HISTORY

0-0-0-0-0

Saamgestel deur AndriYaH
Januarie 2022

Bronne: “Om die Skrif te verstaan” en “Skriflyne” deur D.F. du Toit